



Mei 2007

May 2007

Redaksioneel

Die afgelope maand het ek verneem dat daar 'n groot hoeveelheid van ons lede is wat klaarblyklik nie meer belangstel om deel van die vereniging te wees nie. Dit mag wees dat sommige net, ten spyte van baie aanmanings, nie hul ledegeld betaal het nie. Hoe dit ook al sy, dit is rede tot kommer as ons ledetal so drasties verminder. Dit laat 'n mens wonder wat meer gedoen moet word om meer lede se belangstelling te bly prikkel. As ons na die draaiers se bedrywighede kyk is dit duidelik dat hierdie groep deurgaans net van krag tot krag gaan. (Dit is wat betref hul vaardighede wat drasties verbeter het en ook die hoeveelheid lede wat hierdie en ander vergaderings van die vereniging bywoon.) Dit laat 'n mens dus wonder hoe ons die res van ons lede ook kan aanspoor tot groter entoesiasme. Hoe lyk dit is daar nie van julle slim ouens wat goeie voorstelle het oor hoe om deelname te verbeter nie?

In spite of what was said above, we have had a rather busy April, especially with all the activities of the turners.

Programme for May

- **Saturday 12 May, at 09h00: Cabinet makers meet at Brian Addis's workshop. How to cut profiles along curves with a router.**
- **Saturday 12 May, from 10h00 -14h00: The turners will be participating in a graphic Art Exhibition hosted by the Technical University of Pretoria. At the old Hill View High School at the Northern end of Du Toit Street**
- **Wednesday 23 May, at 18h00: Turners meet at the workshop of At Smit.**
- **Wednesday 30 May, at 18h00: Monthly meet at the University of Pretoria.**

Previous meeting

At our last meeting we had an interesting, and well prepared demonstration by Fanie le Hanie (*Executool*). The reaction from our members varied a lot. Most of us were very impressed by the results obtainable when you are capable of using a spindle moulder with an auto feed attachment. (The *Felder* may however be out of reach for most of us.) The *Festo* cut off saw is very obviously a machine that can only be a pleasure to work with, with all the facilities it can provide.

The reaction of our members varied in that some were of the opinion that these wonderful machines were not in a price bracket that most of us can afford. The rest of us were of the opinion that it is always good to be aware of what is available and to see what results are really possible with proper tools.

Be it as it may, a visit to *Executool*, with all the tools that is obviously of a better quality than one normally see at most hardware shops is a pleasure in itself. It is hoped that Fanie may be able to host more meets in future, where tools within our reach are demonstrated on practical DIY type projects. Things that come to mind is freehand router demonstrations, the making of joints with basic tools like a table saw, band saw etc.

Volgende vergadering

Die volgende maandvergadering vind weer eens plaas by die plantkunde laboratorium van die Universiteit van Pretoria.

Die tema vir die aand is die maak van kitare. Mnr Stedall is 'n ekspert op hierdie gebied en sy aanbieding is van 'n hoogstaande gehalte.

The chairman's bit

At present At Smit is still on tour somewhere in the Cape, having attend the AWSA congress in Cape Town. Due to this absence we do not have his contribution this month, but we know that he will have interesting facts to share with us upon his return.

Siende dat At nie sy deel kan doen nie sal ek maar hier 'n klein bedanking plaas na aanleiding van die komitee se versoek in hierdie verband.

At Smit en sy wedershelf, Louise, het hierdie jaar, soos vorige jare die oorsese draaier Bonnie Klein en haar man vir 'n paar dae gehuisves en onthaal. Die demonstrasies deur Bonnie was dan ook by At se werkplek. *(Julle almal besef seker dat dit beteken het dat At sy werkplek spesiaal moes skoonmaak ten einde te verseker dat die Amerikaners nie die verkeerde indruk van ons moes kry nie!)*

Om Bonnie en haar man by ons te kry, hier rond te vervoer en terug te neem Johannesburg-toe, was Willie de Wet die lid wat bereid was om die taak uit te voer.

Namens ons almal word hierdie twee here hartlik bedank vir die tyd en moeite wat hulle afgestaan het sodat ons almal uit hierdie besoek kon baat.

Draaiers se hoekie

April was nogal 'n besige maand vir die draaiers met die dat ons, benewens ons maandelikse draaibyeenkoms 'n oorsese draaier by ons gehad het en ook 'n gesamentlike byeenkoms met die Johannesburgse draaiers en die Oos Randse Houtwerkvereniging gehad het.

Ons maandvergadering was net na die demonstrasie van Bonnie Klein, gevolglik was daar somer 'n lewendige bespreking van haar demonstrasie en was daar ook reeds sommige van ons lede wat haar tegnieke ens klaar op die proef gestel het en hul pogings aan ons getoon het. Die stukke wat hierdie maand gedraai was het weer eens getuig van goeie draaiwerk deur al die ouens wat gereeld hul deel bydra.

Ons het ook die finale reëlings met betrekking tot die Grafiese Ontwerp-uitstalling met die studente van die Tegnieke Universiteit voltooi. Dit lyk asof ons tydens hierdie geleentheid weer mooi blootstelling sal kry

INTERNATIONAL TURNER VISITS PRETORIA

By Paul Roberts

Bonnie Klein of the USA visited Pretoria on 16 April and held a well-attended demonstration of her turning skills. Bonnie's speciality is boxes with threaded lids, in addition to developing and producing her own small lathe and accessories. Bonnie has been seriously involved with woodturning since the early 1980's. In 1986 she designed the small Klein Lathe which has been in production for over 20 years. In 1992 she introduced the Threading Jig as an accessory to the lathe for cutting threads in wood. Bonnie has produced 5 turning videos which have now been converted to DVD's and in 2005 wrote a woodturning project book. She has demonstrated and taught workshops in many countries as well as all over the USA. In 2003 the American Association of Woodturners recognized her as an Honorary Lifetime Member in recognition of her contributions to woodturning. More information about her work can be found on her website: <http://www.bonnieklein.com>

Bonnie demonstrated the making of a spinning top with a threaded lid. A chatter tool was used for surface decoration which created much interest and many of the Turner's Group were inspired to make use of this technique. The work was coloured in using commercially available felt tipped pens and sealed with Carnauba wax. The demonstration was full of practical tips, some of which are reflected below and several photographs illustrate some of these items.

Practical tips:

- Bonnie does most of her turning using spindle gouges with a 35° fingernail ground edge.
- Turning these small pieces is done at high speed (3 000 rpm) to achieve a good finish with a minimum of sanding.
- Large tools are used despite the small size of the work as they can be securely held to the arm or body.
- The Carnauba wax (or other waxes such as SASOLWAKS A2) are applied to the work via a lathe mounted cloth buffing disc. The wax is first applied to the disc.
- Small (50 mm) faceplates were used for mounting the work with glue blocks and double-sided tape.
- Scrapers are useful for finishing and a finely ground bevel at the top of the scraper (negative rake) was found to improve performance.

- A segment of a diamond cutting masonry saw is a cheap and effective grindstone dressing tool.
- The thread cutting demonstration with the Bonnie Klein jig was of much interest and numerous tips were given as to process. Further detail from the website, book and DVD's.
- When using the felt pens for colouring, point the tips in the direction of travel to prevent tip damage.
- Precolour with light colour prior to the chatter work and then add two darker colours followed by the waxing.
- A demonstration of turning work with cast acrylic was of interest. The negatively raked scraper works well without any grabbing. The acrylic was polished with 3M Trizact Film which was lubricated with water.



**Turning a spinning top with a spindle gouge.
Note the firm grip of the tool under the arm.**



Bonnie discussing tool tips.



Thread cutting jig



“Hands on” demo of chatter work



Detail of chatter tool

Joint meeting with neighbouring associations

By Andrew Bourke

On the 27 April, members from the turning group, travelled to the Witwatersrand clubhouse as both the Pretoria and East Rand turners had been invited to a meeting with a view to encourage and stimulate interest in starting a turning subsection within the East Rand Woodworking group.

Turners were asked to make 2 identical candlesticks or create a unique artistic candlestick.

Lunch consisted of a braai with much social interaction and meeting new faces around the fires. Subjects over the braai ranged from the visit of Bonnie Klein and her demo to many other turning related subjects.

After lunch Butch Smuts was asked to adjudicate and comment on the entries to the competition. It was most interesting to hear his viewpoints and critiques regarding the candlestick entries and I left Johannesburg after the competition having learnt some new concepts and having made new acquaintances. A most enjoyable day !

(The following photos may give a vague idea of the candlesticks etc. that were on display- Ed)



Some of the Candlesticks/holders



A discussion, with some of our members recognisable in the background

Die volgende draaivergadering vind plaas op Woensdag 23 Mei by At Smit se werkwinkel. Die huiswerk vir die maand is:

Beginners	Intermediêr	Gevorderd
Skoppie/koekroller (Rollingpin)	2 Identiese Osolnik kersblakers	Handspieël/koppie & piering (los van mekaar)

Meubelmakers

April se byeenkoms was by Douglas Lock waar ons hartlik ontvang is en heerlike versnapering geniet het.

Baie interessante inligting omtrent lyme is oorgedra tydens die sessie. Omdat dit so 'n belangrike komponent van houtwerk is en dit maklik is om die inligting oor te dra, het ek dit goed gedink om die inligting met die res van die Vereniging te deel. Lyme wat deur die Meubelmakers gebruik word, is as volg:



Alcolin Cold Wood Glue (PVA-glue): Beide die stadige en vinnige set word baie vir algemene houtwerk gebruik. Die lym is geskik vir beide naaldhout en loofhout. Hout se voginhoud moet tussen 8% en 12% wees. Oortollige lym word maklik met 'n klam lap verwyder. Klamtyd van die stadige set lym is 2 ure vir naaldhout en 8 ure vir loofhout, terwyl die klamtyd van die vinnige set lym 1 uur vir naaldhout en 4 ure vir loofhout is.



Alcolin Ultra Wood Glue (modified PVA-glue):

Hierdie is 'n waterbasis lym wat handig te pas kom by die lym van kombuis-kaste. Die lym is waterdig, maar nie geskik vir langdurige blootstelling aan water nie. Dit is ook nie geskik vir strukturele werk soos by dakkappe nie, maar wel vir deure, vensterrame en tuinmeubels. Voginhoud moet tussen 8% en 12% wees en oortollige lym word maklik met 'n klam lap verwyder. Klamptyd is 30 minute, maar daar is gevind dat dit beter is om die item oornag in klampe te hou.



Alcolin Professional Glue (aliphatic resin based glue):

Hierdie lym bied baie goeie weerstand teen spanning, set vinnig, maar het 'n lang oop tyd. Dit is uiters geskik vir stoele, restourasie, modelwerk en gesegmenteerde werk. Oortollige lym word met 'n klam lap verwyder. Hout se voginhoud moet tussen 8% en 12% wees. Ideale klamptyd is 1 uur vir naaldhout en 4 ure vir loofhout.



Alcolin Water Proof Glue (polyurethane glue):

Die lym is ideaal vir gebruik op tuin meubels, deure, vensterrame. Dit is ook geskik vir gebruik op klip, beton, metaal, keramiek en veselglas. 'n Ander eienskap van die lym is dat dit uitsit tydens die droogproses en daarom is dit ideaal om te gebruik waar hout klein barsies het wat in die tap en gat ingaan. Die lym sal die barsies vul en sodoende die hout versterk. Die klamtyd is 1-4 ure. Oortollige lym word met thinners of assetoon verwyder. Wanneer die lym droog is, kan dit net meganies verwyder word. As gevolg van die houer, wat dieselfde is as die silikon-houers, word die lym gevind waar die silikon gestoor word en nie waar die

lyme gestoor word nie. Verkieklik moet die lym in 'n yskas gestoor word.

Brummer se Balcotan 100 (polyurethane glue):

Hierdie is die Rolls Royce van waterdigte lyme en is ontwikkel vir bootbou doeleindes. Dit is volledig (100%) waterdig en word nie geaffekteer deur ultraviolet strale nie. Die lym sit uit tydens set en het



gevolglik "gap filling" eienskappe. Dit is donker bruin van kleur en wanneer dit op ligte hout gebruik word, is die las as gevolg van die lym se donker kleur sigbaar. Die lym neem lank om te set en moet daarom oor nag in die klampe gehou word. Die

lym word verwyder met Brummer se Cleaner 19. Wanneer die lym droog is kan dit net meganies verwyder word.



ABE - Epidermix 372 (thixotropic, polyamide cured epoxy adhesive):

Hierdie is 'n algemene lym vir omtrent alle materiale. Die twee komponente word gemeng in 'n verhouding 2:1. Hierdie lym is ideaal wanneer holtes opgevol moet word en is dus uiters geskik vir die lym van stoele.



Dierelym:

Dierelym verskaf 'n stewige langwerkende las indien korrek aangewend. Laste wat met dierelym geheg is, kan indien nodig, losgemaak word. Die las is bros en kan ongedaan gemaak word deur middel van 'n skoklas. Die lym trek saam wanneer dit set en tree dus op as interne klam. Dit is 'n lym wat nie meer algemeen gebruik word nie.



GenKem kontaklym: Kontaklym is 'n handige lym om te gebruik, veral waar komponente van verskillende materiale aanmekaar geheg moet word, soos byvoorbeeld by edging, stoffering en ook tydelike setmates.



Body putty: Dit word sowaar as 'n lym gebruik en kom baie handig te pas by die maak van eenvoudige en tydelike setmate.

Die groot voordeel is dat die body putty baie vinnig set. Die setmaat kan dus gebruik word binne 'n paar minute nadat dit mbv die body putty gelym is. 'n ander voordeel is dat body putty 'n baie goedkoop lym is.

Die volgende byeenkoms is 12 Mei 2007 om 09:00 by Brian Addis (012 361 2756), Christineweg 84, Lynnwood Glen. Die onderwerp is hoe om profiele langs kurwes met die router te sny.

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon.

Danie Venter

Voëë

Deur Theo van Wyk

'n Paar wenke vir verbredingslasse voor ons na verlengingslasse kyk

1. Vereistes waaraan planke moet voldoen:
 - 1.1 Moet nie breër as 120 mm wees nie.
 - 1.2 Planke moet droog wees met dieselfde voginhoud.
 - 1.3 Vermoë verskillende houtsoorte vir dieselfde projek.
 - 1.4 Kante wat gelym word moet skoon wees en porieë moet oop wees. Lym so gou as moontlik nadat dit voorberei is.

2. Plasing van planke vir die lymproses:
 - 2.1 Plaas planke dat die groeiringe (jaarringe) van elke aangrensende plank in 'n teenoorgestelde rigting wys.



- 2.2 Draad van die planke moet in dieselfde rigting loop.
- 2.3 Plaas planke om interessante vorm te verkry en merk die planke om die lymproses te vergemaklik.

1
2
3

- 2.4 Sorg dat voëë pas.


3. Plasing van die klampe.
 - 3.1 Nie verder as 300 mm van mekaar nie.
 - 3.2 Plaas klampe alternatief bo en onder.
 - 3.3 Plaas klampe parallel met mekaar om skuif van planke te voorkom.
 - 3.4 Beskerm kante van planke teen klampbeskadiging.
4. Span van klampe
 - 4.1 Span die klampe alternatief.
 - 4.2 Span klampe eers effens voor maksimum gespan word.
 - 4.3 Moet nie oorspan nie en kontroleer vir bootdek.

Verlengingslasse

Ons weet nou dat daar ook van 'n las gepraat word wanneer planke kopkant aan kopkant gelas word.

Interessant is dat van dieselfde lasse wat vir verbreding gebruik is hier van toepassing is.

1. Tong-en-groeflas -Tongue and groove joint.
2. Veer-en-groeflas -Feather and groove joint.
3. Liplas -Scarfed joint.
4. Vingerlas -Finger joint.
5. Skuinsliplas -Oblique scarf joint.
6. Tapslopende swaelstertlas- Tapered dovetail



REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
Telefoon: 012 653 1874
E-pos: louwmarie@icon.co.za